# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 10, OKT. 1999

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**REDAKSIONEEL**

# EGO-LIEFDE

Die mense sal liefhebbers van hulleself wees. Dit kondig die Here in 2 Timoteus 3:2 aan. Die woorde 'die mense' bestryk die hele samelewing. Liefhebbers van hulleself word 'n verskynsel wat algemeen voorkom.

Verse 2-5 beskryf waarin die selfliefde uitkom. Jy sien dit in die omgang met geld en goed (geldgierigheid in die ekonomie), teenoor gesagsdraers (ongehoorsaamheid in kerk, staat en maatskappy), in die verkeer met mekaar (grootpratery, spoggery en laster in alle verhoudinge, ook in die pers), in ontspanning (meer liefhebbers van genot as van God) ensovoorts. Selfliefde beheers die lewe. Eers ek, dan ek, daarna miskien nog 'n verre naaste. Die wêreld is by die oorgang na die derde millennium vol van daardie mense.

Liefhebbers van hulleself kom ook in die gemeente van Christus voor. Daar vertoon hulle 'n gedaante van godsaligheid, sê vers 5, maar hulle verloën die krag van die godsvrug. Wat beteken godsdiens vir hierdie naam-christene? Eers ek, dan weer ek ... God? Hy is daar om my te bedien. Hy moet antwoord as ek iets vra. Hom dien? Ja, ja, op my manier, vir sover dit my pas. Sy gebooie? Ek gaan kerk toe as ek wil; ek bid as ek behoefte voel; my kerklike bydrae volg nadat ek myself goed versorg en die genot wat my toekom, my toegeëien het. God die eerste? Hom liefhê bo alles? Nie my eerstelinge nie, maar die laastelinge is vir Hom.

Die Bybel sê: Keer jou van hierdie mense af (vers 5). Laat jou nie deur hierdie ego-liefde besmet nie. Bly eerstens ver van dié mentaliteit. God is nie jou kneg nie. Jy is syne. Bly in die godsvrug. Dien die Here met blydskap, in die hele lewe. En het jou naaste lief, met die daad.

Keer jou af. Dit beteken nie slegs: Keur die gedrag van die selfliefhebbers af en wandel self dankbaar met God, deur die Gees en die Woord gelei nie. Keer jou af beteken ook: Tree in godsvrug teen selfliefhebbers op. Doen alles in jou vermoë vir hulle behoud. Wys hulle in sagmoedigheid tereg, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen (2:25-26). Selfliefhebbers sit in die strik van die duiwel vas. Namate die liefde vir hulleself toeneem, wyk die ware lewensgeluk en blydskap. Jy sien dit om jou heen ...

Maar as hulle nie na die teregwysing wil luister nie, wat dan? Moet ons hulle dan maar oogluikend toelaat? Lewende christene en 'n lewende kerk wat dié kwaad in hulle midde duld, sal gou-gou ontdek dat dit soos 'n epidemie uitbrei. Hulle stel hulleself en hulle nageslag daaraan bloot. Die einde van so 'n gemeenskap? Dooie vlieë laat die salf van die apteker stink en bederwe, sê Prediker 10:1. Die vlieë bederf uiteindelik die hele pot salf.

Verdra van die sonde laat die kwaad vermeerder. Om dit te voorkom volg na die eerste en tweede liefdevolle vermaning die onttrekking aan selfliefhebbers en ander sondaars wat hulle verhard, aldus Titus 3:10. Liefhebbers van God en liefhebbers van hulleself kan nie saam in die een huis van God woon nie. Aan selfliefhebbers wat aan vermaning geen gehoor gee nie, bedien die ware kerk die kerklike tug. Tot hulle behoud, as die Here dit wil, en boweal tot eer van sy Naam en behoud van sy volk.

**INHOUD**


1 **Redaksioneel**
*Ego-liefde*
1 **Skrifoordenking**
*Pasgabrood*
Ds SJMS Smit
3 **Fokus**
*Gereformeerdes in warm water?*
Ds ALA Buys
4 **Op die kerkerf**
*Skriflig of 'kunslig'*
Dr JG Meijer
6 **Aktueel**
*Die owerheid, liturg van God*
Prof B Holwerda
8 **Mediese etiek**
*Die geskiedenis van die begrawe en kremasie (1)*
Dr JM Boon
10 **Persskou**
- *Viva die praktyk*
- *Vet in vuur oor homoseksualiteit*
- *Politieke betrokkenheid*

Ds GJ Meijer


**SKRIFOORDENKING**

# PASGABROOD

**Ds SJMS Smit,**
Oos-Moot

*Eksodus 13:8-9*
**En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei.**

Met Sinode 2000 op hande is die saak van die nagmaal baie aktueel in Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Nie net in díe geledere nie, ook in die ander Afrikaanse kerke is die nagmaal onder bespreking. Ons kan maar as gelowiges weer die nagmaal onder oë neem.

Ons begin by die vraag: Hoe beland die brood op die nagmaalstafel en watter betekenis bring dit saam?

Om die nagmaalsbrood te verstaan moet ons eers die pasgabrood verstaan. Die Here Jesus Christus het juis die brood van die Pasga onderskep en dit brood van die nagmaal gemaak.

Daar is 'n lang aanloop tot die instelling van die Pasga. Ten diepste lê die oorsprong van die Pasga in die onvernietigbare verbond van God met Abraham! In die verbondsluiting van God met Abraham in Genesis 15 gee Hy aan hom die teken

dat sy nageslag eers vreemdelinge sal wees onder verdrukking, 400 jaar lank. Dan sal Hy die nasie wat hulle verdruk het oordeel, en die vierde geslag sal na die beloofde land terugkeer.

Hierdie uitleiding uit die verdrukking was die HERE se teken dat Hy sy verbondsbelofte sal vervul, en dit is die rede vir die instelling van die Pasga: die Here se verbondsbeloftes. "Dit geskied ter wille van wat die Here aan my gedoen het."

Op grond van hierdie verbondsbeloftes aan Abraham neem die Here notisie van die ellende, die jammerklagte, die smarte, die kindermoord, die dwinglandy en die verdrukking van sy volk. En op grond van hierdie verbondsbeloftes roep die Here vir Moses, om die volk uit hierdie toestand te bevry. Dit doen die Here alles uit genade, sodat ons kan sê: Die oorsprong van die instelling van die Pasga lê in die genade van God.

## Pasgabrood - Beloftebrood - Genadebrood

Om die genade-aspek wat aan die pasgabrood kleef nog duideliker raak te sien, moet ons raak sien dat wanneer die Here sy volk uit Egipte uitlei, dit die gevolg is van die ontbranding van sy toorn oor die Egiptenare en hulle afgodery in die tien plae, met veral die laaste plaag, die dood van die eersgeborenes. Hierin word die HERE se sterke hand sigbaar.

Hierdie toorn van God is so geweldig, dat selfs die Israeliete dit nie sou vryspring nie as dit nie was vir die bloed van die paaslam aan die kosyne van hulle deure nie! Maar uit genade, op grond van sy verbondsbeloftes, gaan die Here sy volk verby. Pasga beteken letterlik 'verbygaan'. Om hierdie verbygaan te gedenk, stel die Here die Pasga in.

Die Here self beveel die eet van die ongesuurde brood, die *matsos*, en Hy self verbind dit aan die Pasga. Hy vat brood, en hy betrek dit by die Pasga.

Brood het op sigself betekenis. Brood gee lewe! So dra die beloftebrood ook die teken van Lewe! Maar dit is ongesuurde brood. Brood wat geen suurdeeg of gis bevat nie. Rein brood. Want hierdie lewe wat die brood simboliseer moet 'n lewe wees wat vry is van die suurdeeg van die sondige Egipte, vry van die suurdeeg van die afgodery van Egipte, vry van die suurdeeg van 'n lewe los van God!

Ongesuurde brood, om 'n saamgevoegde gemeenskap te simboliseer. 'n Heilige gemeenskap wat weer gemeenskap met die heilige God het, op grond van die bloed van die paaslam wat hulle aan hulle kosyne gesmeer het, sodat die Verderwer wat met die oordeel van God Egipteland besoek het, hulle verby kon gaan!

Per slot van sake geskied die hele uitleiding uit Egipte, as ons dit terugtrek na die verbond van God, juis sodat Israel vir Hom 'n volk kan wees, omdat Hy Hom aan hulle verbind het, omdat Hy vir hulle 'n God is! Hulle moet vir Hom 'n volk wees, toegewyd aan sy diens, sy Naam bely voor die nasies, teen die sonde en die sondige natuur en die duiwel stry! As teken van hierdie bevryding om Hom te dien, beland die brood op die pasgatafel. En verduidelik die Here dit self: "as jou seun jou vra wat dit beteken, dan moet jy jou seun op die dag vertel en sê: dit geskied ter wille van wat die Here aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het... want met 'n sterke hand het die Here jou uit Egipte uitgelei..."

Pasgabrood. Om die volk te herhinner: Dink terug aan die uitleiding uit die slawerny van Egipte! Dink terug dat julle die toorn van God vrygespring het op grond van sy genade en sy verbondstrou! Dink terug dat julle in der haas uitgelei is, met 'n sterke hand, 'n hand van **redding** vir julle, aan die een kant, **en 'n hand van oordeel oor die afgodery aan die anderkant.**

Wanneer die Pasga gevier word, dink elke Israeliet wat van die ongesuurde brood eet, terug aan die uitleiding uit Egipte, en het daarmee deel aan hierdie bevrydingsdaad van die almagtige God! Hulle dink terug aan die ellende en verdrukking waarin hulle was, en hoe hulle deur die genade van die Here uitgelei is tot vryheid!

So beland die brood op die pasgatafel. Vandag nog met die Joodse pasga is dit daar as ellendebrood, herinnering aan God se oordeel, sy strafgerig oor die Egiptenare, herinnering aan die tien plae, herinnering aan die sterke hand van die Here waarmee Hy swarigheid aan ander gedoen het, sodat sy volk op grond van sy verbondstrou uit die swaar en ellendige verdrukking in Egipte bevry kan word.

Volgens 'n voorskrif (wat meer as 2000 jaar oud is, d.w.s. heel moontlik in gebruik was met die tyd van Christus op aarde) vir die Joodse pasgaviering bedek die Jode vandag nog die pasgabrood, die *matsos*, onder 'n lapservet op die pasgatafel; tydens die voorlees van die geskiedenis van die plae, die gedeeltes wat handel oor die Here se oordeel oor die Egiptenare en ook die gedeeltes waar God sy oordeel oor die volk uitgiet omdat hulle nie heilig en rein as verbondsvolk voor sy aangesig leef nie, dan word die brood oopgemaak; dan word die servet opgelig om die pasgavierders te herinner aan die sterke hand van God, waarmee Hy aan die een kant sy volk uitgelei het en aan die ander kant sy toorn oor die sonde op die Egiptenare ***en*** sy afdwalende volk uitgestort het!

Ja, die pasgabrood kry met verloop van tyd al hoe meer die betekenis van die swaarkry van die volk van God onder sy oordeel, onder sy toorn, namate hulle al hoe meer agter ander gode aanloop en die God van die verbond en sy diens verlaat het!

As die pasgavierders dan die val van Israel en Juda en die ballingskap in herinnering roep, dan moet hulle die brood in die pasgaviering ontbloot, sigbaar maak, om herinner te word nie net aan die verbondsbeloftes van God nie, maar ook aan dieselfde God se sterke hand, sy oordelende hand, sy verbondswraak, wat daar in Egipte al op die afgodery van die Egiptenare uitgestort is!

Opsommend kan ons sê die pasgabrood herinner aan die Here se verbondsbeloftes en -dreigings. Die Here se verbondseëninge wat tot uiting kom in sy genade, sy verbygaan van die volk, die herenigde gemeenskap met Hom, die nuwe lewe, die bevryding uit slawerny! En die Here se verbondswraak wat tot uiting kom in sy sterke hand, sy oordeel oor die sonde, die ellende en verdrukking van die Egiptenare en die volk in ballingskap!

## Pasgabrood

Dit is hierdie brood wat Jesus onderskep met daardie laaste Pasga in Jerusalem, om sy dissipels se aandag te vestig op niks anders nie as: die Here se verbondsbeloftes van sy verbondseën en die dreiging van sy verbondswraak!


*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 60 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za

# GEREFORMEERDES IN WARM WATER?

Ds ALA Buys, Piet Retief

Hulle sê krewe gil as jy hulle in kokende water sit. Hulle sê krewe kook stil dood as jy die water geleidelik warmer maak. Hulle sê krewe raak gewoond daaraan. Hulle sê daar het 'n NG vroulike proponent in 'n gereformeerde kerk gepreek. Hulle sê ons kan gewoond raak daaraan, soos krewe, so stil-stil ...

Hierdie artikel gaan nie oor die vrou in die amp nie. Ook nie oor die spesifieke kerkraad of gemeente wat so iets (na bewering) toegelaat het nie. Hierdie stuk gaan oor die manier waarop ons met mekaar in die kerke saamleef. Ook oor ons afsprake, en vanselfsprekend om ander gewoontes as die swygende krewe te hê.

Wat maak jy as jy oortuig raak dat die kerk anders moet maak as wat hy tans doen? Dit kan enige iets wees. Hoe moet ons die kerk verander? Moet ons die kerk verander? Laat ons eers sê hoe dit nie gedoen behoort te word nie.

Ons mag nie probeer om mekaar skaakmat te speel deur gewoonte vormende gebruike stil-stil in te bring nie. Alles wat ons in die kerk doen, het die moontlikheid om gewoonte vormend te word. Die vraag is: Hoe doen ons dit?

## Letter en gees

As 'n lidmaat, 'n gemeente, 'n kerkraad, 'n klassis of wie ook al 'n staande afspraak (wat dit ook al behels) wat jy met die ander lidmate het, verbreek en maak asof dit niks groots is nie, maak asof jy formeel nog by die afspraak hou - soos om te sê: Die vroulike NG-proponent het nie die seën uitgespreek nie en tegnies het sy dus nie in die *erediens* gepreek nie - dan kap jy die letter en die gees van die afspraak aan flarde.

Enige afspraak of ooreenkoms het 'n letter-kant. Dit kan so eenvoudig wees as om almal op 'n afgesproke tyd bymekaar te kom vir die erediens. Dit kan ingewikkelder sake wees, sake wat diep aandag van ons sinodes vra. Hoe dit ook al sy, 'n ooreenkoms kan nie sonder sy letters bestaan nie. Anders is dit geen ooreenkoms nie, geen afspraak nie, en bestaan daar geen duidelike binding nie.

Afsprake gaan oor orde. Afsprake in die kerk behoort van a tot z oor God se orde te gaan. Hy is immers 'n God van orde.[1] Wanorde in die kerk kom op vele maniere na vore. Een daarvan is as afsprake nie ordelik nagekom word nie.

Liefde en orde is karperde. Die een kan nie sonder die ander een nie. Reg en regsorde moet in alles gehandhaaf word. Iemand wat die afspraak verbreek, nie openlik met uitwendige arrogansie en uittarting nie, maar stilweg, terwyl hy maak asof hy die orde letterlik handhaaf, het die liefde prysgegee. Die Skrif sê nie verniet: Betrag die waarheid in liefde nie.

## Woord-basis

Wat is die basis van ons afsprake in Die Gereformeerde Kerke? Dit is - volgens ooreenkoms - die Woord van God.[2] Dit is uiters gevaarlik, ja dodelik vir die bruid van Christus, as ons die basis van ons afsprake na ons gewoontes herlei. 'n Mens kan nie dinge onderhands in die kerk inbring, waarvan jy voor jou heilige siel weet dat dit 'n bestaande afspraak verbreek nie, in die hoop dat dit 'n gewoonte sal word waaruit mens later jou norm gaan aflei nie. 'n Mens maak nie so nie. Dit is die mespunt van deformasie aan die keel van die kerk.

Wat sal in die kerk gebeur as ons bestaande gebruike kanoniseer of nuwes inbring om te kanoniseer, sonder om te vra of dit volgens God se Woord is? Hierdie saak oor gewoonte vormende optrede waaruit later norme opgediep word, is 'n mes wat logies na twee kante toe sny. Aan die een kant om nie nuwe - onskriftuurlike - gebruike te begin nie, en aan die ander kant om nie ou - onskriftuurlike - gebruike te handhaaf nie.

Dit gaan hier oor die slagaar van die kerk. Waarvolgens wil ons leef? Volgens God se Woord of volgens ons eie gebruike waaraan ons gewoond geraak het of waarmee ons verveeld geraak het? Om 'n voorbeeld te noem: As jy vroue op die kansel wil laat preek, wys dit in die Skrif aan. Roep almal op om volgens God se orde vir sy kerk op te tree. Moet nie vir die duiwel stuit of terugdeins nie, want wat God sê is waarheid. Sy waarheid maak nie seer nie, ten spyte van wat die spreekwoord sê. Sy waarheid bevry. As jy dit egter nie in die Skrif kan naspoor nie, moenie 'n gebruik begin, wat 'n bestaande afspraak wat op die Skrif gegrond is, in onbruik laat verval deur soos 'n kreef te leef in lou water nie. Moet ook nie aan die afspraak oor Skrifgesag torring en verander nie, want dit is 'n ooreengekome belydenis, gegrond op die openbaring oor wat die Woord self is.

## Liefde en afsprake

Elke lidmaat, elke kerkraad, elke gemeente behoort in hierdie tyd die binnekamer-vraag te stel: Is my afsprake met ander gelowiges in Christus (nog) heilig? Is sy Woord die basis daarvan? As ek nie saamstem met 'n afspraak nie, hoe moet ek te werk gaan om dit te verander? Beslis nie op die kreefmodel nie, want dan lê die dood onafwendbaar voor. Dit is 'n gebrek aan liefde om afsprake so te mishandel. Ons afsprake behoort te rus in ons Koning se Woord.

Dit is nie aangenaam nie om aan broeders en susters te sê: Kyk na die letter deur die Gees, want julle liefdelose optrede maak seer. Nie die vry makende genade nie, maar die dwaling wat gevange neem, maak seer. Waarom is die kerkorde nie die hooglied van die liefde vir ons nie? Waaraan het ons dan gewoond geword? Waarvan het ons afhanklik geword? Van wat God sê of van wat ons gebruiklik doen?

Gereformeerd is terug na die Woord. Gereformeerd is bly by die Woord. Ook met ons afspraak, met ons ooreenkoms, met ons belydenis, met ons gemeenskaplike geloof.[3] Daarom hoort daar by ons ook 'n gemeenskaplike gehoorsaamheid - ook in hoe ons met mekaar maak. Die paaie mag nie uit mekaar gaan nie. Ons gemeenskaplike geloof in ons Here Jesus Christus is ons te dierbaar. Die eenheid van die kerk is 'n heilige opdrag.[4] Die liefde doen die naaste geen kwaad nie.

'n Kreef gil oor die warm water. Die deformerende kreeftegang daarteenoor is liefdelose stilte om aan gewoond te raak. Hulle sê hierdie stilte kan jou doof maak. Doof vir die Woord.

---

[1] 1 Kor 14:33; Kol 2:5.
[2] NGB, art. 2-7.
[3] Rom 1:12; Fil 1:5.
[4] Ef 4:1-6.

# SKRIFLIG OF 'KUNSLIG'?

Dr JG Meijer, Pretoria

**'Die waarheid is bo alles.' Ons mag geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die goddelike Skrif gelykstel nie. Ook mag ons nie kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie.[1] Die waarheid, die Woord - bo alles. Word hierdie belydenis in die moderne hantering van die woord 'interpretasie' gehandhaaf? Dié vraag kom in hierdie en 'n volgende artikel, waarin my antwoord aan dr CJ Smit afgesluit word, ter sprake.**

Word die gesag van die Bybel in Die Gereformeerde Kerke in ons land aangetas? Prof. JM Vorster en dr CJ Smit antwoord op hierdie vraag: Nee, dit word wel beweer. Maar bewys van dié ernstige aanklag ontbreek.

Die feite wat ek laas jaar kortliks in *Die Kerkblad* vermeld het, het in ons blad se Augustus-en September-nommers breedvoeriger aandag ontvang.[2] Ek som nou net kortliks op.

Die redaksie van ons gereformeerde teologiese tydskrif *In die Skriflig* laat in 1992 twee artikels verskyn. In hierdie artikels word die goddelike Skrif verloën. Die redaksie verstrek geen redes waarom hy hierdie artikels publiseer nie.

Ter tafel van die nasionale sinodes van 1994 en 1997 lê twee beswaarskrifte waarin die gesag van die Bybel aangetas en die eenheid van die Skrif misken word.

Dr WJ de Klerk loën in 1998 en 1999 die goddelike Skrif in boek, pers en samekomste.

Kerkrade breek beloftes deur van die kerkorde af te wyk en nie sinode-besluite ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde as vas en bindend te hou nie. Hulle speel met ja en nee.

Is die bewyse van aantasting van Skrifgesag gelewer? Ja, deur sinode-lede in 1994, in die pers, asook op die kerklike weg in 'n ope brief aan die kerkrade wat die beswaarskrif in 1994 ingehandig het, en deur ten minste een kerkraad wat die kerkraad van dr De Klerk genader het.

Bestaan daar leergeskille in ons midde oor die belydenis van die Skrif? Ja, sê ek en ander. Dr CJ Smit antwoord: Julle oordeel is verkeerd. Gereformeerdes verskil wel onderling. Dit gaan egter nie oor die *gesag* nie, maar oor die *interpretasie* van Bybeltekste. Daarop het ek geantwoord: Pas op vir die modewoord interpretasie, 'n wapen in die hand van moderne teoloë om die gesag van die Woord te ondermyn. Dr Smit lewer toe onmiddellik kommentaar. Hierdie drie artikels wat in *Die Kerkblad* verskyn het, vra tans die aandag. Die syfers tussen hakies hieronder verwys na dié artikels.[3]

## Baie vrae en die pad na die antwoord

Interpretasie van die Bybel ... Wat beteken dit? Is interpreteer dieselfde as uitlê? Twee woorde wat een en dieselfde aksie aandui? Of is interpreteer en uitlê moontlik wel verwant, maar nie identies nie? Is die 'verskil' oor interpretasie maar 'n woordestryd? Of sien mens dié verskil deurwerk in die praktyk, in die verklaring en die prediking van die Skrif? Om op hierdie en ander vrae die regte antwoord te gee, is dit nodig om die 'verskil' (of geskil?) oor die begrip 'interpretasie' in perspektief te beskou. Watter dwaling het die kerke in die sestiende eeu afgewys en bly hulle in die twintigste eeu afwys met die belydenis: Die Skrif is helder en die waarheid is bo alles?[4]

Ons doen ses stappe op pad na die antwoord op die vrae. Stap een gaan oor die aard van die Bybel. Die Skrif straal lig uit, met name in die verkondiging van die Woord. By stap twee ondersoek ons die kerkgeskiedenis. Daar word skerms tussen die Woord en die kinders van God opgerig. Die skerms keer die Skriflig af. In die donker of skemer wat sodoende agter die skerms ontstaan, word kunsligte ontsteek. Die woord kunslig in die opskrif staan tussen aanhalingstekens. Kunslig kan nie die lig van die Woord vervang nie. Dit is nie lig wat soos die Bybel verlig nie. Die vervaardigers daarvan stel hul produk egter wel as lig voor. Om dié rede gebruik ek die woord kunslig.

Na die kort verkenning van die kerkgeskiedenis volg DV in die November/Desember-nommer stappe drie tot ses. Stap drie ondersoek die kenmerke van die kunslig. Hoe kan elke gelowige dit uitken? In dié ondersoek word die belangrikste dinge wat dr Smit oor interpretasie na vore gebring het, getoets. In die vierde stap kyk ons uit die hede na die verlede om te kan vasstel watter dwalinge deur moderne teoloë voorgedra word en om uit die geskiedenis te leer hoe om die dwaling skriftuurlik te beoordeel. Stap vyf beantwoord die vraag wat die moderne kunslig teweegbring. Die laaste stap gaan oor ons persoonlike en kerklike roeping om in die Skriflig te bly.

## Die Skriflig

### *Stralende lig*

Die Woord van God straal lig uit. Die lig onderrig die gelowiges. 'Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.'[5] Hulle leer die Here ken en loof om sy magtige dade. Hy, die Skepper van alle dinge, hou die heelal van oomblik tot oomblik in stand. Ons prys en dank Hom wat ons in Christus van ons sondes verlos en bevry. Die lig van die Skrif is ook ontdekkende lig. Die profetiese woord is 'soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn'.[6] Dit bring die kwaad in ons lewe, in die kerke en in die wêreld aan die lig.

Die Woord, die lig wat God laat uitstraal na ons, is die middel waardeur die Gees ons lewe vernuwe. Elke gelowige is wedergebore 'deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly ... En dit is die woord wat aan julle verkondig is'.[7] Hierdie en ander Skrifwoorde het Luther tot die belydenis van die helderheid van die Skrif gebring. Helderheid is 'n eienskap van die Bybel wat veral in die verkondigde Woord, in die amptelike bediening van die evangelie tot sy volle reg kom.[8]

Die Woord is ook die rigsnoer vir ons lewe. Die psalmdigter sing: 'U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad.'[9] Die Bybel wat ons onderrig, wat sonde leer ken en bely, wat ons lewe

---

1 NGB, art. 7.
2 Sien die artikels Die goddelike Skrif en Aantasting van Skrifgesag - bewerings of feite? in resp. *Waarheid en dwaling* 5(8), 1999:4-8 en 5(9), 1999:3-7.
3 CJ Smit. Twee strominge? Kyk verder. *Die Kerkblad*, 27 Mei 1998:12-13; JG Meijer. Hou vas wat jy het. *Die Kerkblad*, 21 Oktober 1998:24-25; CJ Smit. Is dit interpretasieverskille of verskil in Skrifbeskouing? *Die Kerkblad*, 21 Oktober 1998:26.
4 NGB, art. 2 en 7.
5 Ps 119:130.
6 2 Pet 1:19.
7 1 Pet 1:23, 25.
8 C Trimp wys hierop in sy *Het leerambt niet verspelen: de uitstraling van de Schrift in de bediening van het Woord.* Barneveld: Vuurbaak, 1993, p. 14vv (Kamper bydrage, 32)
9 Ps 119:105.

vernuwe en dit op die goeie gebod van God rig - oor dié ligbron leer ons jubel. 'Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.'[10]

### *Lig sonder duisternis*

Ons bely in die tweede artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis die duidelikheid van die Skrif. Die woorde 'nog klaarder' in die oorspronklike Nederlandse teks is in Afrikaans weergegee as 'nog duideliker'. 'Klaar' beteken egter nie duidelik nie, maar helder.

Helderheid sê wat die aard van die *Skrif* is. Die Bybel is stralende lig. Duidelikheid vestig die aandag op die Bybel*leser*, die *ontvanger* van die Skriflig.[11] Ons verstaan die Skrif in geloof. Maar ons deurgrond nie alles wat die Here aan ons openbaar nie. Nie elke teks word heeltemal duidelik vir die leser nie. Daar staan in die Skrif 'dinge waarvan sommige swaar is om te verstaan'.[12] Dit beteken nie dat daar moeilike taal gebruik word nie, maar dat God in sy Woord ook onpeilbaar diep sake openbaar, so diep dat ons dit nie kan begryp nie.

Hierdie moeilike tekste is nie *donker* plekke in die Skrif nie. Skriflig is nêrens met enige duisternis vermeng nie. Nee, uit die moeilike tekste straal *verblindende lig*.[13] Die ligglans daarvan is so fel dat ons dit nie met ons geloofsoë ten volle kan opvang nie. Die erkenning dat sommige tekste vir ons onbegryplik is, laat ons respek vir God en sy Woord toeneem. Hy is heilig, heerlik, ondeurgrondelik.

Op die ondeurgrondelikheid van die Here en gevolglik van sommige Bybeltekste het ek in my reaksie op dr Smit se artikel oor interpretasie gewys. Al in die eerste sin: 'Daar staan in die Woord van God ondeurgrondelike dinge' (24). Tekste wat ondeurgrondelike dinge openbaar, kan verskillend uitgelê word, op voorwaarde dat die teksverklaring nie in stryd met die leer van die Skrif kom nie.

Die Bybel is 'n helder lig. Dit is sy aard.

### *Die kerk besit die stralende lig*

Die Here vertrou sy Woord toe aan sy kerk.[14] Hy gee aan sy gemeente 'n erenaam. Die kerk is 'pilaar en grondslag van die waarheid'.[15] 'Ons het (besit) die profetiese woord wat baie vas is.'[16] Die ou Woord verouder nie. Dit bly in alle eeue naby. Die Heilige Gees bring dit 'in jou mond en in jou hart'.[17] Kan dit nog nader gebring word as in ons mond en hart?!

Die besit van die waarheid gaan met 'n opdrag gepaard. Die Here beveel om die Woord wat Hy aan sy kerk toevertrou het, sorgvuldig en onvervals te bewaar. 'Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.'[18]

Die helderheid van die Skrif en die besit van die waarheid ... Hierdie belydenis word vandag wêreldwyd bevraagteken ...

## Skerms voor die Skriflig

God gee sy heil aan sy volk deur sy Woord. Sy teenstander, die duiwel, weet dit. Hy span al sy kragte in om God se volk van die heilsame Woord te beroof. Hy voer oorlog teen die nakomelinge van die vrou, die kerk in die nuwe bedeling, 'wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou'.[19] Die doel van dié helse stryd? Dryf die kinders van God stadig buite die ligglans van die Woord. Dan sal hulle stap vir stap afvalliger word, verder uit die ligglans van God se gebooie beweeg.

Die duiwel vind bondgenote op die aarde. Een van hulle word omskryf as die dier uit die aarde, die valse profeet. Hy het twee horings net soos 'n lam. Sy uiterlike voorkoms lyk op die van Christus.[20] Maar hy praat soos 'n draak,[21] die ou slang wat duiwel en Satan genoem word.[22] Let op die duiwel se taktiek Die horings soos dié van 'n lam wys op die vyfde kolonne-taktiek. Die kerk kry telkens weer binne sy mure die vyfde kolonne, wolwe in ... skaapsklere, 'wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan'.[23]

### *Skerm een: die Roomse kerk*

Die Roomse kerk het in die loop van die Middeleeue gaandeweg meer opgetree as 'n kerklike skerm wat tussen die glansende Woord en die volk van God indring. Ek noem maar enkele dinge. Die leer dat nagmaal-brood en -wyn in die liggaam en bloed van Christus verander, die transsubstansiasie-leer, is offisieel deur die vierde Lateraanse konsilie in 1215 geyk. Dié leer wat ons Kategismus in wese as afgodery afwys,[24] verhef die mis, die nuwe 'sakrament', tot die hoofsaak van die erediens en dring die prediking van die Woord na die agtergrond. Die kerk in verval dring homself tussen die Bybel en die volk van God. Die plek wat die wesenlik afgodiese mis in die erediens inneem, beroof die kerkvolk van die lewende verkondiging van die evangelie.

In die dertiende eeu kom na 1215 nog drie sinodes byeen. Hulle lê die grondslag vir die verhindering van Bybel-lees in die volkstaal. Eeue lank werk die Roomse kerk meer belemmerend as bevorderend om die Skrif in die eie moedertaal te lees.[25] Die leke word van die Bybel beroof. Die kerk vorm die skerm tussen die Woord en die volk van God ...

Die Skrif het in die Roomse kerk nie die laaste woord nie. Nee, die tradisie is ewe hoog genoteer as die Bybel. Die pous besluit wat die waarheid is. Hy is beklee met die 'kerklike leergesag'. *Papa locuta, causa finita est*: As die pous vanaf sy pouslike stoel gepraat het, is die saak afgesluit. Die Roomse kerk het die skriftuurlike leer 'die Woord, die waarheid is bo alles' vervang deur ... die kerk, die pous is bo alles! So kon die kerk die leer dat goeie werke verdienstelik is, die Mariologie (aanbidding van Maria, die leer van haar onbevlekte ontvangenis en van haar ten hemel opneming) en ander dwaalleer invoer.

Die kunslig wat agter die skerm ontsteek word? Benewens die dwaalleer vervang pouslike ensiklieke en uitsprake die helder lig van die evangelie. Arme Roomse 'leke'. Die kerk ontneem hulle die lig. Die kerklike kunslig laat hulle in donker lewe.

### *Skerm twee: Moderne teoloë*

Modernistiese teoloë dring nie soos Rome die kerk nie, maar hulleself tussen die Woord en die kinders van God. Hulle verhinder nie die lees van die Bybel nie. Nee, die Skrif mag bly.

---

[10] Ps 19:8-9; sien ook verse 10-12.

[11] Sien Trimp, *a.w.*, p. 16 oor die verskil tussen *claritas* en *perspicuitas Sacrae Scripturae.*

[12] 2 Pet 3:16.

[13] Sien hieroor PJ Coetzee. Is die Heilige Skrif 'n duister boek? *Die Kerkblad*, 10 Februarie 1999:10-12. Die feit dat die gelowige nie God se openbaring in diepte kan deurgrond nie, verminder nie die helderheid van die Skrif nie, aldus J van Bruggen. *Het lezen van de Bijbel: een inleiding.* 3e druk. Kampen: Kok, 1987, p. 20.

[14] Vgl. Rom 3:2.

[15] 1 Tim 3:15.

[16] 2 Pet 1:19.

[17] Rom 10:8 verwys na die ou woord in Deut 30:14.

[18] Op 1:3.

[19] Op 12:17.

[20] Op 5:6 e.a.

[21] Op 13:11.

[22] Op 12:9.

[23] Matt 7:15; Hand 20:29-30; vgl. onder meer 2 Tess 2:3-12; 1 Tim 4:1-3; 2 Tim 4:1-4.

[24] HK, antw. 80.

[25] FW Grosheide. Bijbelverbod, in *Christelijke encyclopedie*. 2e druk. Kampen: Kok, 1956, p. 640-641.

Die geskrewe woorde word intussen sodanig gekritiseer dat dit by die gevoelens van die laat-twintigste-eeuse mens aanpas.[26] So word die volk van God en die teologiese wetenskap van die Woord van God beroof. Hierdie Skrifkritiek word met die naam 'interpretasie' gedek. Die moderne 'inspirasie-teorie' gee rigting aan die moderne dogmatiek, hermeneutiek (vertolkkunde), homiletiek (predikkunde)[27] en etiek.

Dié interpretasie verrig geen hulpdiens vir die uitleg van die Woord nie. Die vermaning 'dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging (inset) is nie',[28] word deur hierdie 'Bybel-verklaarders' voortdurend in die wind geslaan. Die Skrif word nie uitgelê nie. Hulle dra hulle eie gedagtes daarin. Sodoende verrig hulle hulpdiens nie vir die uitleg van die Woord nie, maar vir die verdraaiing daarvan.[29]

Ek het die moderne 'inpertretasie-teorie' 'n 'sleutelwoord', 'n 'modewoord', 'n 'wapen in die hand van moderne teoloë' genoem, 'n wapen wat gehanteer word om die kerk van die Woord te beroof (24,25). Ek het gewys op kritiek op hierdie teorie uit verskeie kerklike hoeke en met verwysing na die boekie *U kneg hoor* dr Smit versoek om indringend hiervan kennis te neem. In sy weerwoord blyk nie dat hy aan die versoek gehoor gegee het nie. Inteendeel, hy antwoord slegs dat ek die tiperende woord interpretasie - Trimp noem dit selfs 'n 'toorwoord'[30] - as 'n 'teologiese skeldwoord' hanteer (26). My versoek aan dr Smit bly staan: Neem tog kennis ...

Die aanhalings hierbo kom uit die vrygemaakte gereformeerde hoek. Christelijke gereformeerdes in Nederland merk op: Teoloë maak van die duidelikheid van die Skrif 'n probleem ten gunste van die plek van die teologie.[31] Wentsel, 'n sinodaal-gereformeerde teoloog wat die afval in eie kring waarneem, vat sy kritiek op die moderne interpretasie skerp as volg saam: Daar woed in die uitlegging en vertolking van die Skrif 'n felle stryd tussen die Gees van die waarheid en die leuengeeste.[32]

Een van die beste publikasies wat die moderne 'inspirasie-teorie' analiseer en ontmasker, is die afskeidsrede wat prof. Trimp vir sy studente uitgespreek het.[33] Ek wens die inhoud daarvan in die hande, hoofde en harte van al ons teoloë: professore, studente en predikante. Dié boekie is 'n skriftuurlike gids wat ons help by die uitvoering van die opdrag om die huidige 'interpretasie'- geeste op die proef te stel.

Moderne teoloë dring hulleself tussen die Woord en die volk van God. Hulle is die skerm wat die Skriflig afkeer. Hulle aanvaar nie die Woord bo alles nie, maar stel hulle 'teologie' bo alles. Die kunslig wat hulle agter die skerm vervaardig en aansteek, dra die naam 'interpretasie'. Prof. Schulze wys hiérdie interpretasie tereg af met die woorde: '*Mag* ons die Bybel interpreteer? Die antwoord is kategories: *Nee!*'[34]

## Die vertrekpunt van kunslig-vervaardigers

Die mening dat die hele Bybel of dele daarvan om watter rede ook al nie helder is nie, is die gemeenskaplike uitgangspunt van die Roomse kerk en van moderne interpretasie-teoloë. Hierdie mening laat hulle brutaal tussen die Woord en die volk van die Here indring. Hulle is skerms wat die Skriflig verduister.

Waar teologie en hartlike Skrifgeloof saamgaan, word die wysheid van die Skrif opgedelf en die gemeentes deur lewende verkondiging van die Woord verryk. Daar glans die Woord helder in die prediking en in die teologiese onderrig. Teoloë wat daarenteen die wysheid van die Gees van God in die Woord oorskadu, teenpraat of verdring, vervang die godsvrug deur eie, menslike wysheid.[35]

Waardeur word die moderne interpretasie gekenmerk? Hoe kan elke meelewende gelowige hierdie kwaad uitken? Hierdie vraag (die derde stap op die pad na die antwoord op ons vrae) kom DV in die volgende nommer van ons blad aan die orde. Met die antwoord op hierdie en ander vrae word my reaksie op dr Smit se artikels afgesluit.

---

[26] Vgl. J van Bruggen. *Wie maakte de Bijbel? Over afsluiting en gezag van het Oude en Nieuwe Testament.* 2e druk. Kampen: Kok, 1986, p.77.
[27] C Trimp, *a.w.* hierbo in voetnoot 8, p. 29.
[28] 2 Pet 1:19.
[29] 2 Pet 3:16.
[30] C Trimp, a.w. in voetnoot 8, p. 30.
[31] J van Genderen en H Velema. *Beknopte gereformeerde dogmatiek.* Kampen, Kok, 1992, p. 104.
[32] B Wentsel. *Dogmatiek 1: het Woord, de Zoon en de dienst.* Kampen, Kok, 1981, p. 240.
[33] C Trimp, *a.w.* in voetnoot 8. Hy gee onder meer skriftuurlike kritiek op die teologie van GDJ Dingemans en maak ook melding van die bestaande tydskrif *Interpretatie.*
[34] LF Schulze. Mag ons die Bybel interpreteer? *Die Kerkblad*, 23 September 1998:15.
[35] Vgl. C. Trimp. Heilige Geest en heilige Schrift, *in* J Kamphuis *et al.* *Hoe staan wij ervoor? Actualiteit van het gereformeerd belijden.* Barneveld: Vuurbaak, 1992, p. 110.

---

**AKTUEEL**

## GESAG IN DIE KRISIS (2)

# DIE OWERHEID, LITURG VAN GOD

Prof. B Holwerda

**Prof. Holwerda het in 1947 'n rede gehou oor 'die krisis van die gesag'. Ds ALA Buys het die rede kort saamgevat. Die eerste deel hiervan het in die Augustus-nommer verskyn. Hier volg prof. Holwerda se uiteensetting oor die amp en die taak van die owerheid.**

## Die owerheid vanweë die sonde?

Die heilsfeit van Christus se hemelvaart moet by ons nadink oor die gesagskwessie aandag ontvang. Bestaan die owerhede net vanweë die sonde? In die raamwerk van A Kuyper se 'algemene genade'-teorie word die owerheid na die sondvloed, in God se verbond met Noag, ingestel. Vele mense aanvaar dit so. Die swaard van die owerheid word dan gesien as al die weldade waardeur God in sy 'algemene genade' die voortgang van die geskiedenis beveilig en die voortgang van 'n draaglike menslike samelewing verseker.

Teenoor hierdie opvatting sê ander dat die owerheidsgesag in die skepping gefundeer is. Hulle bring 'n belangrike aspek van hierdie gesag na vore. Alle mag - ook politieke mag - lê in die skepping veranker. Die owerheid ontvang volgens hierdie siening die swaardmag na die sondeval.

Tog is die twee bogenoemde menings, dat die owerheidsgesag na die sondeval of in die skepping gefundeer is, onvolledig. Die gevaar dreig dat 'n mens in beide gevalle die gesagskwessie staties beskou. Die gesag van die owerheid is dan in die een geval die

handhawing van die skepping-struktuur en in die ander geval die kontinuering van die natuurverbond. In beide gevalle bly dit egter 'n ope vraag *waartoe* God die gesag van die owerheid daarstel en handhaaf.

## Ryker belydenis

Mense wat in 'n 'algemene genade'-skema dink, sê: Die gesag wat in die skepping gegrond is en nader deur die Noagietiese verbond gekwalifiseer word, is 'nog steeds' daar; die wêreld sit 'nog steeds' in dieselfde raam as vroeër geklem. Die stroom van die lewe vloei 'nog steeds' deur die bedding wat God destyds gegrawe het. Op die terrein van die 'algemene genade' bly alles oud. Die,nuwe wat God tot stand bring, is beperk tot die terrein van die 'besondere genade'. God bewerk iets nuuts in die verlossing van sy volk, in die geboorte, sterwe en verhoging van Christus.

Volgens die 'algemene genade'-teorie het daar sedert die dae van Noag op die terrein van die algemene genade wesenlik niks verander nie, terwyl God op die terrein van die besondere genade van krag tot krag voortgegaan het. Indien dit so sou wees, kan die huidige geslag oor die owerheid niks meer sê as wat Noag en sy gesin bely het toe hulle uit die ark gekom het nie, terwyl ons geloofsbelydenis intussen baie ryker is as Noag s'n.

Ons belydenis het nie bly vassteek by die sondvloed nie. Ons bely die voortgang van Gods werke onder meer op goeie Vrydag, hemelvaart en Pinkster. Die kerk met sy hele belydenis is ver verby die stadium van God se verbond met Noag. Dit geld ook van ons belydenis oor die amp van die owerheid.

God verrig wesentlik een werk in hierdie wêreld. Hy bou in alle tye aan die oprigting van sy onbeweeglike koninkryk. Dit doen Hy ook reeds toe Hy Noag uit die ark laat kom het en 'n verbond met hom sluit. Hierdie verbond het as inhoud voedselwette, afwisseling van seisoene en die swaardmag. Met die reënboog as seël baan die Here die weg na die vleeswording van die Woord. Dit was nie God se bedoeling om die wêreld op die na-die-sondeval se peil in stand te hou nie. Hy baan die weg na die koms van die Middelaar, om in Hom die hele skepping te verlos en alle dinge byeen te vergader.

God kontinueer in sy verbond met Noag die wêreld van die beweeglike dinge. Hy stel die swaardmag daar ter wille van die dinge wat nog sou kom. Hy skakel alle gesag in vir sy bou van die nuwe Jerusalem. God stel trone daar en Hy reik swaarde uit, totdat Christus op die dag van hemelvaart die troon bestyg. Hy ontvang alle mag, ook die mag oor die aardse magte. Sedert sy hemelvaart deel Hy die swaarde uit en staan alle owerhede, juis met hulle swaard, onder sy bevel, sodat Hy ook deur die diens van die owerhede alle dinge aan die Vader sal onderwerp.

## Ter wille van verlossing

Die owerheid is dus daar ter wille van die verlossing. God se bedoeling met die owerheid is nie die kontinuering van hierdie wêreld nie. Nee, die owerheid is daar met die oog op die bou van die toekomende wêreld. Alle gesag is opgeneem en ingeskakel in God se eskatologiese heilswerk. So dikwels as God iets nuuts doen, is dit nie maar iets nuuts net vir sy volk nie, maar iets nuuts ook vir alle aardse magte. Alle owerhede is betrokke by die dinamiese ingryp van God tot verlossing. Hulle word deur elke nuwe daad van die Here nader gekwalifiseer. Elke voetstap van Christus, elke trap wat Hy in sy verhoging bereik, raak die owerheid direk.

Omdat Christus se werke elkeen aangaan en sy volmag vandag die werk van alle owerhede beheers en bepaal, kan Paulus in Romeine 13 - in die groot raamwerk van die evangelie van Christus - die kwessie van die gesag aan die orde stel. In die eerste hoofstuk van Romeine staan die tema van die brief. Paulus skaam hom nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Want die geregtigheid van God word in die evangelie geopenbaar.[1] Dit is die boodskap waarmee Paulus na Rome kom. As hy in hoofstuk 13 die vraagstuk van gesag en gehoorsaamheid stel, dan doen hy dit alleen vanuit die verlossingswerk van Christus Jesus. Dan is ook die owerheid daar ter wille van die besondere genade.

## Nie net vir christene

Die Here openbaar nie sy genade vir sy kerk en daarbenewens 'n 'algemene genade' vir elkeen nie. Nee, Christus het alle mag in die hemel en op die aarde, oor alle mense in al hulle ampte. Op grond van Christus se mag oor alles en almal sê die apostel: 'Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is'.[2] Dit is nie net 'n gebod vir christene nie, maar vir alle mense. Christene en ongelowiges behoort hulle almal aan die owerheid te onderwerp.

Die Here maak in Romeine 13 geen onderskeid tussen christelike en nie-christelike owerhede nie en Hy skryf hier nie 'n bepaalde staatsvorm voor nie. Dit gaan net oor bestaande magte, oor alles wat in Paulus se tyd *exousia* heet. Die Griekse woord *exousia* wys op 'n hoër instansie wat gesag verleen en op 'n norm waaraan gesagsdraers moet beantwoord. Owerheidsgesag is dus 'n geskenkte volmag en 'n geleende reg. Hierdie mag is mag om te beveel, kragtens 'n bevoegdheid wat God verleen het.[3]

Dit gaan in Romeine 13 nie oor 'n instansie wat homself opwerp en 'n sekere magsinstrument tot sy beskikking het om sy mag te laat geld nie, maar dit gaan oor die reg, die mag en die plig wat die owerhede van God ontvang. Regeringsvorms en titels bly hier buite beskouing. Net dit word beklemtoon: Alle sodanige *exousia* is deur God verorden. Of hulle dit weet of nie weet nie, of hulle dit erken of nie erken nie, die feit is en bly dat alle sodanige mag van God is.

God beveel alle mense, ongeag of hulle dit aangenaam vind of nie, om hulle aan die mag wat Hy daargestel het, te onderwerp. Die owerheid is ampsdraer van God. Hy wat hom teen die mag versit, weerstaan die instelling van God.[4] Daaraan verbind God sy oordeel. In Romeine 13 word die vraagstuk van die gesag tot religie verhef. Owerheidsgesag is nie maar 'politiek' nie. En gehoorsaamheid daaraan is nie maar net 'n buiging voor die sterk arm van die gereg uit vrees vir straf nie. Dit is 'n gewetensaak.[5]

## Goed en kwaad

As Paulus oor die magte skryf, gaan dit nie oor hulle regte en titels nie, maar oor hulle roeping. Hy skryf nie oor wat hulle kan en mag doen nie, maar uitsluitlik oor wat hulle moet doen.[6] Hulle is daargestel tot vrees vir diegene wat kwaad doen, en tot lof van almal wat goed doen.[7] Dit sê Petrus ook: tot bestraffing van die kwaaddoeners en tot lof van die goeddoeners.[8] God gee aan die owerheid die swaard.[9] Die owerheid dra die swaard nie verniet nie, nie sonder sin en doel nie. Hy is die wreker om die kwaaddoener te straf.

Owerhede het mag met 'n opdrag. God dra hulle op om die regsorde te handhaaf. Hulle moet die ontwikkeling van die kwaad met geweld teenstaan. Nie met hulle eie geweld nie, maar met die geweld van God. Hulle moet straf met die swaard toepas. Dit is nie

---

1 Rom 1:16-17.
2 Rom 13:1.
3 Vgl. G Kittel. *Theol. Wörterbuch zum Neuen Testament*, deel 2, oor *exousia*.
4 Rom 13:2.
5 Rom 13:5.
6 Vgl. A Schlatter. *Gottes Gerechtigkeit*,1935.
7 Rom 13:3.
8 1 Pet 2:14.
9 Rom 13:4.

hulle straf nie, maar die straf van God. Hulle het die opdrag en mag om selfs lewens te neem, omdat God in bepaalde gevalle die lewe wil stil maak. Verder moet hulle die goeddoeners nie net beskerm nie, maar ook eer. Die goeddoeners behoort lof van die owerhede te ontvang.[10] Dit beteken: Die owerheid behoort hulle lewe tot glorie te bring, tot eer in die naam van God.

So moet hulle die weg vir die Here Jesus baan. Owerhede heet 'liturge', dienaars van God. Hulle vervul 'n diens vir die koms van sy ryk. Hulle is dienaars van God, ook in die hantering van die swaard. Van watter God is hulle dienaars? Van die God van die skepping, sodat hulle die lewe wat God geskape het, kan bewaar? Of van die God van die 'algemene genade', sodat hulle die ontplooiing van die menslike samelewing moontlik maak? Sê die apostel nie dat ons vir die owerhede moet bid, sodat ons 'n rustige en stil lewe mag hê nie?[11]

Hy sê dit inderdaad. Maar daarmee omlyn hy juis skerp die taak van die owerheid. Owerhede moet die moontlikheid van 'n rustige en stil lewe daarstel en handhaaf. Hulle moet met hulle geskenkte mag die lewe teen die geweld en die verwarring wat van buite kom, beskerm, en so ook 'n lewe wat nie van binne-uit verteer word, moontlik maak.[12] Alles wat van buite af die orde en veiligheid kom versteur en daarmee ook die innerlike rus bedreig, moet teengestaan word. Die voorbidding vir die owerheid lê in lyn met die opdrag aan die owerheid om die kwaaddoeners te bestraf en lof te gee aan die wat goed doen.

**Eerste gebod**

Wat beoog die Here met die roeping van die owerheid? En watter God is dit wat hulle aanstel? Paulus sê: Bid vir konings en hooggeplaastes, want dit is goed een aangenaam vir God, ons Verlosser. Daar is maar een God. Hy wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Daar is ook net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.[13] Paulus fundeer die gebed vir die owerheid op die eerste gebod: Daar is maar een God, die God van die ganse aarde. Hy is nie maar die God van skepping an voorsienigheid nie, maar God, die *Verlosser*, die God wat in sy soewereine verlossingswil die saligheid van die wêreld soek, en wat die verlossing in Jesus Christus, die enigste Middelaar, bewerk.

Omdat daar een God is en een Verlosser, moet in die hele wêreld die weg vir Hom berei word. In sy groot verlossingsplan ontvang die owerhede hulle eie beperkte taak. Om te preek is nie hulle werk nie. Hulle roeping is wel om die basis te lê vir die prediking. God, ons Verlosser, wil die wêreld bring tot 'n lewe van godsaligheid en eerbaarheid. Dit doen Hy deur die prediking van die evangelie. Hy roep die owerhede om die vloer te lê waarop die kerk die evangelie kan verkondig. Hulle moet reg handhaaf en onreg straf. Hulle moet oor orde en veiligheid waak, want dit is die lewensvoorwaarde vir die prediking.

God is Verlosser. Daarom skakel Hy die owerheid in om die preekstoel met die swaard te beveilig. Hy wil dat die owerheid die swaard hanteer ter beveiliging van orde, sodat daar plek kom vir godsaligheid; tot handhawing van rus, sodat die lewe in eerbaarheid kan opbloei. Met die wêreldlike swaard moet die weg oop gehou word waarop Christus kom met sy geestelike swaard waardeur ons die verlossing verkry.

Die owerheid het 'n ander liturgie as die kerk, maar is nie in 'n minder mate liturg van Christus nie. Sy swaardmag-bediening is diens van God wat in Christus die wêreld kom verlos. Daarom is die doodstraf en die regverdige oorlog instrumente van die ewige lewe, eskatologiese verlossingskragte. Hulle ontleen hulle betekenis aan God wat die wêreld so lief gehad het, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.[14] Doodstraf en oorlog, wat humaniste as die teendeel van liefde beskou en daarom verfoeilik vind, word vir ons in die Skrif geopenbaar as instrumente van God wat die verlossing van die wêreld soek en bewerk, instrumente op die weg waarop Hy sy diepste liefde bewys.

---

[10] Rom 13:3.
[11] 1 Tim 5:1-2.
[12] Vgl. MR Vincent. *Word studies in the NT*, deel 4, 1946.
[13] 1 Tim 2:3-5.
[14] Joh 3:16.

---

MEDIESE ETIEK

**Dr JM Boon**, Pretoria

# Die geskiedenis van die begrawe en kremasie van die menslike liggaam (1)

**Die kremasie van die menslike liggaam na die sterwe neem deesdae toe in populariteit. Selfs in christelike kringe word gedink aan die oprigting van gedenkmure waar die as na die kremasie van die liggaam geberg kan word. Dit is belangrik om temidde hiervan te gaan kyk na die geskiedenis van die hantering van die gestorwe menslike liggaam. Wat was die onderliggende gedagtes tov die kremasie en begrawing van die menslike liggaam deur die eeue?**

Praktyke tov die hantering van die gestorwe liggaam word ook vandag bepaal deur denkrigtings in die samelewing. Dit sou naïef wees om te dink dat die postmoderne visie oor die mens nie ook hierdie praktyke beïnvloed nie.

Verder is dit duidelik dat die geskiedenis 'n definitiewe invloed op die ontwikkeling van ons handelinge vandag het, in teenstelling met die ahistoriese idee van die werklikheid wat ons tyd kenmerk.

Graag wil ons in hierdie artikel kyk na iets uit die geskiedenis van die hantering van die menslike liggaam tov die volgende tydperke: Voor Christus, na Christus, Renaissance tot die moderne tyd en vandag.

## Voor Christus

Verskillende volke het hul dooies deur die eeue verskillend hanteer. Hoofsaaklik was dit óf om die liggaam te begrawe óf om die liggaam te verbrand.

Dit is moeilik om vas te stel of die begrawe of kremasie van die menslike liggaam die oudste vorm is. Dit is egter duidelik dat die manier waarop die dooie liggaam hanteer is, bepaal is deur die beskouings wat mense gehad het tov dood en lewe aan die eenkant en liggaam en siel aan die anderkant.

Behalwe begrawe en kremasie van die dooie liggaam was daar ook die volgende praktyke:

Opeet van die liggaam (kannibalisme), die plasing van 'n liggaam op 'n stellasie en die latere verbranding of begrawe van die bene. Hierdie gebruik tref ons bv aan in Australië en die swartvoet-Indiane in Amerika[1].

Verder is liggame soms in die water begrawe.

---

[1] Bezemer TJ *et al. Oosthoek's geillustreerde encyclopaedie.* Utrecht: A Oosthoek, 2de druk,1925, p. 362.

Reeds in die steentydperk is daar aanduidings van liggame wat begrawe is[2]. Daar is egter ook genoeg argeologiese bewys dat kremasie wyd gepraktiseer is in die steentydperk in Oos-Europa en die Nabye Ooste. Die as en verkoolde bene van menslike liggame is in verskeie kruike gevind op argeologiese terreine in Europa tussen 1500 en 800 voor Christus.

Kremasie was algemeen in gebruik onder die Germane in omstreeks 1000 vC. Die vlamme sou die bose geeste verdryf. Die gees van die dooie moes so gou moontlik onskadelik gemaak word en van sy ou woonplek verwyder word.

Verder was daar nie die wete van 'n voortbestaan na die dood nie.

Kremasie was algemeen in gebruik by verskeie volke. Die,rede daarvoor was dikwels die vrees vir een of ander bedreiging na die sterwe. Die siel het na die dood nog rondgeswerf by die dooie en by sy besittings. Die siel, het hulle geglo, is onwillig om sy vroeëre woonplek te verlaat en wil altyd weer daarheen terugkeer[3]. Daarom wou hulle radikaal met die dooie breek. Soms is selfs sy huis en goed saam met hom verbrand[4]. Verder is geglo dat die dood deur een of ander demoon of towenaar veroorsaak is.

Verskeie kruike met as uit die bronstydperk het bewaar gebly.

Die Jode het hul dooies begrawe. Ons lees in die Ou Testament van die begrafnis van die aartsvaders.

In die vroegste tye toe die Soemeriërs in die stad Oer geheers het, is die koning en sy hele huishouding verbrand, ook sy slawe. Sodoende sou hy geen gebrek aan volgelinge in die hiernamaals hê nie. Grafte uit hierdie periode is ontdek en vandag is gebruiksvoorwerpe van hierdie barbaarse konings nog in die British Museum in London te sien. Pragtige kunstige vaardigheid wat gepaard gegaan het met primitiewe bygeloof en wreedheid. In een van die grafte is byvoorbeeld 'n fragment van 'n harp met mitiese diere daarop gevind[5].

Die Grieke het ook hul dooies gekremeer. Dit is geheel in ooreenstemming met die heersende filosofie van daardie dag. Die dualisme van Plato het 'n skeiding tussen die siel en liggaam gemaak. Dit het nie slegs implikasies vir die geneeskunde gehad nie maar ook vir die hantering van hul dooies. Die liggaam is as die dop beskou waarin die siel vasgevang is. Die siel is eintlik gekerker in die liggaam en sal eendag met die sterwe uit die liggaam bevry word. Daarom is die dop dan ook na die sterwe verbrand. Dit was van minder belang as die siel. Die siel is as die hoogste gereken. As die liggaam na die sterwe verbrand word, sou dit 'n nog groter vryheid aan die siel verleen. Dit sou dan totaal uit die liggaam verlos wees.

Veral Grieke en Romeine uit hoër kringe is verbrand. Die rede hiervoor was dat dit nogal duur was om verbrand te word. Hout was skaars en daarom duur. Hektor en Achilles is bekende Grieke wat verbrand is. Romeinse keisers soos Julius Caeser, Augustus, Tiberius en Nero is verbrand.

Diegene wat selfmoord gepleeg het, baba's en andere wat die gode nie goedgesind was nie, is nie verbrand nie.

Na die verbranding is die oorskot dikwels in pragtig versierde houers geplaas. Dit het gewissel van 'n soort vaas tot 'n sogenaamde kista (Latyn: *cista).* Dan was daar ook die sarkofaag, wat groot genoeg was om 'n nie verbrande liggaam te huisves. Die woord sarkofaag kom van twee Griekse woorde wat dui op die eet van die liggaam. Oorspronklik is die woord gebruik om houers te benoem van leemsteen wat in Assos gevind is. Nadat liggame daarin geplaas is, het die liggaam vinnig vergaan en net die skelet het oorgebly.

Die kista was egter kleiner as die sarkofaag en die as van die gekremeerde liggaam is daarin gebêre[6].

In die hellenistiese wêreld het kort voor die christendom die begrawe van die liggaam meer algemeen geword. Die begrawe en verbranding van die liggaam het langs mekaar bestaan.

Die Romeine het die praktyk van verbranding waarskynlik by die Grieke oorgeneem. Dit was ook veral onder die hoër klas mense algemene praktyk. Die Romeine het sogenaamde Columbarieë gebou waarin die as van dooies gemeenskaplik in kruike bewaar is[7].

Baie antieke volke uit Asië het ook verbranding van die dooie liggaam gepraktiseer. Dit was volke uit Japan, Tibet, Thailand en Indië. Boedisme en Hindoeïsme praktiseer ook lykverbranding. Die as van mense uit Tibet is dikwels op gesamentlike gedenkplekke geplaas.

In Thailand is die liggaam eers gebalsem en gepreserveer vir 'n sekere tyd afhangende van die sosiale status van die persoon. Na hierdie tyd is die liggaam verbrand.

Kremasie het waarskynlik al so vroeg soos 2000 jaar voor Christus in Indië begin. Daar is geglo dat verbranding van die liggaam die liggaam opbreek in sy basiese elemente van vuur, water, grond en lug. Hierdeur is die siel gereinig en voorberei vir inkarnasie. Dit sou ook die siel help om op te gaan met die opwaartse beweging van die vlamme.

Die Noord-Amerikaanse Indiane het slegs sekere individue verbrand. Die Miami-Indiane het diegene wat hulle gedink het slagoffers van toordery was, verbrand. Andere het slegs persone wat in oorlog gesneuwel het, verbrand en andere het dooies wat siektes gehad het, verbrand[8].

12 Tande van gekremeerde Indiane is in grotte in die suide van Chili gevind. Die tande het dieselfde kroon- en wortel-morfologie as meer onlangse Amerikaanse Indiane[9].

Die Egiptenare het begin om die dooie liggaam te balsem. Hulle het geglo dat die siel slegs in die hiernamaals sou kon bly lewe as die liggaam intakt gehou word. Die weefsel moes bewaar bly om weer geaktiveer te word as die gees na die liggaam terugkeer[10].

Daarom het hulle die liggaam noukeurig gebalsem. Vir die liggaam van die koning is na balseming, 'n piramiede gebou waarna sy liggaam in die middel daarvan in 'n klip-sarkofaag geplaas is. Die behoud van die liggaam was egter nie genoeg nie. 'n Beeld van graniet is van die koning gemaak wat ook in die piramiede geplaas is by die sarkofaag om sodoende te help om die siel van die koning in lewe te hou. Egiptiese beeldhouers is dan ook na verwys as "iemand wat lewe beeldhou". Elke Egiptenaar moes sorg vir sy lewe in die hiernamaals deur vir homself 'n graf te bestel waar sy siel, mummie en beeld kon vertoef[11].

## Na Christus

Die christene van die vroeë christelike kerk het ook hul dooies begrawe. Christus self is ook begrawe. 'n Mooi voorbeeld is die katakombes waar die christene in die romeinse ryk hul dooies begrawe het. Katakombes was ondergrondse begraafplase. Die katakombes het ontstaan deurdat welgestelde Romeine hul land beskikbaar gestel het aan die christene vir begrafnisdoeleindes. Bekende name van hierdie katakombes is dié van Priscilla, Domitilla, Callixtus en Maximus. Later het al die katakombes die eiendom van die kerk geword.

---

2 Douma J. *Rondom de dood.* Kampen: Van den Berg. 1984, p. 141.
3 Bezemer TJ *et al.* a.w., p. 361.
4 Grosheide FW *et al. Christelijke encyclopedie.* Kampen: Kok, 2de druk, 1956, p. 453.
5 Gombrich EH. *Eeuwige schoonheid.* Houten: Gaade Uitgevers, 17de druk. 1997, p. 70.
6 Thompson H. *Modern Cremation.* London: Smith, Elder and Co 1901, p. 39-43.
7 Bezemer TJ *et al.* p. 674.
8 Hardt DV. *Death, the final frontier.* New Jersey: Prentice Hall. 1979, p. 108-9.
9 Turner CG, Bird J. Dentition of Chilean paleo-Indians and peopling of the Americas. Science, 212(4498) 1981 Mei 29:1053-5.
10 Reich WT. *Encyclopedia of Bioethics.* New York: Free Press, 1978, p. 142.
11 Gombrich EH, a.w., p. 55-70.

Die katakombes is nie uitgegrawe om as skuilplekke vir die christene te dien nie, soos dit dikwels in romantiese verhale vertel word nie. Die tonnels onder die grond is in die sagte klip uitgegrawe vir die doel van waterleidings, kamers en gange vir grafte. Daar was 'n hele netwerk van gange met duisende nisse of *loculi* bo mekaar in die mure van die gange. 'n Lyk is in 'n doek toegedraai voordat dit in so 'n nis geplaas is. Soms is die naam van die oorledene aangebring by die nis. Kenmerkend was die muurskilderye wat in die katakombes gemaak is.

Kremasie was algemeen in Rome. Die Joodse en Christen-Romeine het egter van die katakombes gebruik gemaak om hul dooies te begrawe. Later het ook al hoe meer Romeine vir die begrafnis van hul dooies gekies[12]. Die katakombes is tot aan die begin van die vyfde eeu as begraafplase gebruik.

Later het hulle dikwels hul dooies begrawe by die kerk, die sogenaamde kerkhof.

In Handelinge 9:37 lees ons van die christene wat hul suster Tabita, nadat sy gesterf het, versorg het deur haar te was en in die bovertrek te lê. Christene het hul dooies begrawe soos Christus begrawe is.

Die liggaam word begrawe soos wat 'n graankorrel geplant word met die hoop van die opstanding van die liggaam tot die ewige lewe, soos Christus ook opgestaan het (I Kor 15:43).

Die liggaam is dus met respek behandel en daarom begrawe. So keer die liggaam weer terug tot stof sonder dat daar met die proses ingemeng word.

Die verbranding van die liggaam het dan ook teen die 5e eeu heeltemal verdwyn onder die invloed van die christendom. Karel die Grote het in 785 'n wet, *Capitulare Paderbrunnense,* uitgevaardig, waarin die verbranding van liggame vebied is met die doodstraf daaraan verbind. Dit was veral omdat die Germaanse volke steeds met lykverbranding voortgegaan het. Ons tref egter ook nog die gebruik van lykverbranding aan veral in Estland en Letland tot kort voor die Reformasie in die 16 de eeu.

Verbranding van liggame het ook in die gekerstende wêreld voorgekom as strafmaatreël. Veral mense wat in konflik met die Rooms-Katolieke kerk gekom het, is verbrand. Voorbeelde daarvan is Johannes Hus en Guido de Bres. Baie sogenaamde hekse is tot teen die 19de eeu verbrand; ja dit vind selfs sporadies nog in dele van Suidelike Afrika plaas.

Volgende keer oor die Renaissance tot die moderne tyd, sowel as vandag.

[12] Mancinelli F. *De Romeinse Catacomben.* Firenze:Scala. 1987:6-7.

## PERSSKOU

**Ds GJ Meijer** – Wonderboompoort

# VIVA DIE PRAKTYK!

In *Beeld* van 20 September 1999 skryf prof. Christina Landman, teoloog van Unisa, oor die kwessie van staatslotery.

*Pas nou die dag kondig die regering aan dat ons 'n staatslotery gaan kry. Maart 2000. Daar was nogal 'n groot stilte daarna. Asof mense gedink het: ag wat, hier kom maar net nog 'n soort korrupsie.*

*Daar was nie 'n stilte in 1977 toe bonusobligasies aangekondig is om die verdediging se kas aan te vul nie. Die NG Kerk het die obligasies sterk veroordeel, al was die kerk die regering andersins goedgesind. Die Hervormde Kerk het versigtig hul goedkeuring aan die obligasies gegee.*

*En in 1991 het dit weer gebeur. Die (vorige) regering het in dié jaar begin navraag doen hoe die kerke oor 'n staatslotery sou voel. Dié keer om die gesondheidsdienste se koffers aan te vul.*

*Die NG Kerk het die idee dadelik "skokkend" gevind. Die redes was dat dit 'n onheilige gebruik van die lot was. En nie soos ons dit in die Bybel ken, waar God se wil met die werp van die lot afgebid is nie.*

*Nóg 'n rede: dit sou mense aanmoedig om geld te probeer kry waarvoor hulle nie gewerk het nie. Die derde rede was dat 'n lotery mense bygelowig maak en hul geloof in God se voorsienigheid ondermyn (Kerkbode, 1 Maart 1991).*

*Nee, het die NG Kerk gesê, die doel heilig nie die middele nie.*

*Die Hervormde Kerk, weer, het die idee van 'n staatslotery ondersteun (Hervormer, 15 Maart 1991). Hierdie kerk het gesê dat die werp van die lot in die Bybel nie 'n heilige of 'n onheilige daad was nie, maar slegs 'n manier om tussen opsies te kies.*

*Hulle het ook gesê niemand kan bewys lotery maak mense te lui om te werk nie. Voorts, mense wat aan lotery deelneem, doen dit nie omdat hulle 'n ander god aanbid nie.*

*Nee, het die Hervormde Kerk gesê, die middele om hierdie doel te bereik, is nie onheilig nie.*

Prof. Landman toets nie een van die twee standpunte aan die Skrif nie: iets wat 'n mens wel van 'n teoloog sou verwag het. Haar benadering is een van soeke na 'n prakties werkbare saamvoeging van standpunte. Dit word duidelik uit die vervolg van haar artikel.

*Aan die een kant is daar kerke wat sal sê 'n staatslotery is onbybels en leer mense verkeerde waardes. Dis goed dat kerke dit sal sê, want mense moet aanhoudend aan hul eie hebsug herinner word.*

*Kerke móét mense waarsku om nie 'n etiek van werk met 'n etiek van kans te vervang nie. Natuurlik sal kerke die verloorders moet optel, want in 'n lotery is daar telkens maar enkele wenners. Natuurlik moet die kerke mense waarsku dat die bemarkers van lotery op mense se swakhede sal konsentreer.*

*Maar dis ook goed dat daar kerke sal wees wat sal sê dat loterye onskuldige pret is. Dis anders as dobbelary wat mense verarm. Met 'n lotery doen jy niemand skade nie. Almal wen. Die kleinhandelaar wat die kaartjies verkoop, wen. Die mense wat pryse wen, wen. Die armes na wie die geld toe gaan, wen. Die staat wen uit belasting.*

*En ons gewone ouens wen ook, want ons persoonlike belasting word dalk net minder. Immers gebruik regerings al sedert die sestiende eeu, ná die Reformasie, loterye om die staatskas aan te vul.*

Prof. Landman se slotsom: *Inderdaad het navorsing in ander lande gewys mense wat die minste verdien, put die meeste plesier uit deelname aan 'n lotery.*

*Miskien moet die kerk daarvan kennis neem: Hoe min mense dan nog het om van te lewe, om na uit te sien. Dat 'n loterykaartjie dit moet doen. Terwyl ons tog in die kerk vir mekaar 'n beter wêreld belowe.*

*Ja, dis nogal sleg dat ons die staat moet help om armes te help - en die kerk skaars genoeg geld het om vir sy geboue en ampsdraers te betaal.*

Verstommend pragmaties. Die praktyk skryf voor wat gedoen moet word. Menslike denke seëvier. Dit wat "die kerk" sê, is van belang.

Vir geen oomblik word na die wil van God gevra nie. Viva die praktyk!

Wat van duidelike uitsprake oor die werp van die lot, onder andere in Jesaja 65:11 (in die negatiewe sin) en Handelinge 1:24-26 (in die positiewe sin)? En wat van ons rentmeesterskap in die lig van die agtste gebod van die Here se wet? Om nie te praat van innerlike teenstrydighede in prof. Landman se betoog nie. Die een oomblik toon sy aan dat daar in 'n lotery slegs enkele wenners kan wees. Enkele reëls verder word daar kategories verklaar dat almal wenners is. Die kloutjie kom nie by die oor nie.

Een saak staan egter vas. Teoloë wat nie self eerbiedig luister na die Woord van God nie, en die kerkvolk nie diep onder die indruk bring van God se heilige wil nie, is die naam teoloog nie werd nie.

## VET IN VUUR OOR HOMOSEKSUALITEIT

In die *Algemene Kerkbode* van 10 en 11 September 1999 neem Francois Wessels die verslag oor "Pastoraat aan die homoseksuele persoon", wat in Oktober voor die NG Kerk se sinode van Wes- en Suid-Kaap gaan dien, onder die loep. *Die verslag vra van die NG Kerk 'n nuwe benadering tot homoseksualiteit. Die opstellers van die verslag meen dat homoseksualiteit nie noodwendig sonde is nie, maar op 'n alternatiewe seksuele oriëntasie dui.*

Enkele punte uit die artikel word aangehaal.

*Die skeppingsverhaal van Genesis 2 word telkens in die verslag aangehaal as bewys dat dit die Bybelse norm is dat man en vrou moet saamleef. 'Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word'. Dit hoef egter nie noodwendig so te wees nie, meen die verslag. Wat in dié verhaal belangrik is, is nie die verskille tussen man en vrou nie, maar dat man en vrou as mense verskillend is van die wilde diere, waarvan Genesis 2:20 sê dat nie een van hulle vir die mens "helper, 'n gelyke' kon wees nie. Die innige verbondenheid van die man en sy vrou is nie die gevolg daarvan dat hulle verskillend is nie. Die klem word eerder gelê op kameraadskap, gelykheid en wederkerigheid. By implikasie sou 'n mens dus kon sê dat so 'n innige eenheid net so wel tussen twee mans of twee vroue kon bestaan - want hulle is al twee mense, in onderskeiding van die wilde diere.*

*In elke geval, sê die verslag elders, 'dit is nie die skepping wat normatief die aard van God se herskepping bepaal nie. Uiteindelik bepaal die herskeppende werk van God in Christus die sin en funksionering van die skepping'.*

Wat maak die verslaggewers met die twee uitsprake in Levitikus 18:22 en 20:13? Dit is immers 'n onweerlegbare bewys dat die Bybel hom teen homoseksuele praktyke uitspreek: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos met 'n vrou nie. Dit is 'n gruwel".

*Die verslag argumenteer egter dat, wanneer dié twee uitsprake in hulle verband gelees word, hulle nie meer van toepassing op die Nuwe Testamentiese Christene is nie. Dié twee uitsprake vorm immers deel van die Ou-Testamentiese heiligheidswette. Dié wette het sake in verband met die kultiese reinheid gereël ... wat nie meer vandag geld nie. Daarby was die homoseksualiteit wat in Levitikus afgewys is, moontlik tempelprostitusie wat deur die heidense Kanaäniete beoefen is. 'n Mens kan die afwysing daarvan nie gelykstel aan die verwerping van 'n langdurige, stabiele verhouding tussen twee homoseksuele persone nie.*

In gelyke mate reken die verslag met die waarskuwing van 1 Korintiërs 6:9 af: "Geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen ... sal deel kry aan die koninkryk van God nie". Die argument? *Die woord 'homoseksualiteit' het nie in die oorspronklike Grieks bestaan nie. 'n Mens kan nie honderd persent seker wees dat Paulus hier na homoseksuele verwys het nie. Paulus waarsku hier teen losbandigheid, nie teen vaste verhoudings tussen mense van dieselfde geslag nie.*

'n Soortgelyke verklaring word gegee vir Romeine 1:27, waar Paulus praat oor diegene wat God nie wil erken nie: "Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans ...". *Die verslag erken: Romeine 1 is 'waarskynlik die duidelikste argument teen homoseksualiteit in die hele Bybel', maar vervolg dan: '... tog is die negatiewe verwysing na homoseksualiteit geensins ondubbelsinnig nie. Die vraag is of dit vandag nog steeds dieselfde geldingskrag het as wat dit in Paulus se tyd gehad het. Soos uit die konteks blyk, was die persone waarna verwys word, mense wat doelbewus teen God in opstand was en sy gebod verwerp het. Dit was nie mense wat aan God toegewys was en verwarring ten opsigte van hulle seksuele oriëntasie ervaar het nie'.*

As 'n mens nie wíl hoor nie, sál jy nie hoor nie. Dit word duidelik in hierdie verslag. Met vele truuks - waarvan nie een nuut is nie - word die uitdruklike wil van die Here presies in sy teendeel verander. Dit laat 'n mens dink aan Christus se woorde in Johannes 10:3 en 4: "Vir hom (die goeie herder) maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; ... en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie". Wat gaan die NG Kerk met hierdie "vreemde stem" maak? En die ander kerke?

## POLITIEKE BETROKKENHEID

In *Clarion* (11 Junie 1999) - tydskrif van die Gereformeerde Kerke in Kanada - verskyn 'n artikel oor gelowige betrokkenheid by die politiek uit die pen van Alice Veenman. Dié artikel asem 'n gees van luister na Gods Woord en eerbiedige uitlewing van Godgegewe opdragte.

*Mnr. Pieter Jongeling was vir baie jare 'n lid van die Parlement in Nederland. Hy het as lid van die parlement sy christenskap geloofwaardig uitgeleef. Toe mnr. Jongeling ongeveer 20 jaar gelede 'n besoek aan Kanada gebring het - so skryf mev.Veenman - het hy 'n toespraak gehou oor christenskap en politiek. In sy toespraak het hy ons geleer dat, as ons effektief christene wil wees in hierdie wêreld, ons nie net deurleefde kennis van Gods Woord moet hê nie, maar ook ten volle op hoogte moet wees van die sake wat aan die orde van die dag is. Ek het nooit daardie woorde vergeet nie, want dit het van mnr. Jongeling 'n effektiewe soldaat vir die Here gemaak.*

Mev. Veenman het die toespraak van mnr. Jongeling soos volg toegepas: *Behalwe gebed en die trek van 'n kruisie by die stembus, is die mees waardevolle bydrae van die christen om betrokke te raak by die plaaslike komitees van dorp- en stadsrade: daar waar die besluite geneem word oor die verskillende vertakkings in die samelewing.*

Mev. Veenman gee voorbeelde van geleenthede wat christene het om vanuit Gods Woord standpunt te stel:

*Sport en Ontspanning - jy het 'n inset om te lewer ten opsigte van byeenomste wat op Sondae gereël word. Hoekom moet die stem van chistene stil gehou word waar dit kom by Sondagsport?*

*Beplanning - watter kommersiële ruimtes word in watter deel van die stads- of dorpsgebied toegelaat? Dit raak die beplanning rondom drankwinkels, pornografiese winkels, ensovoorts.*

*Biblioteke - deelname aah die biblioteek-komitee kan besonder effektief bydra tot die keuse van boeke en ander materiaal wat aan die gemeenskap beskikbaar gestel word.*

*Gesondheid - hier het 'n christen die geleentheid om 'n suiwer morele kode vir dienste daar te stel, byvoorbeeld ten opsigte van aborsieklinieke.*

Mev. Veenman sluit af met dié woorde: *My persoonlike betrokkenheid het my in die posisie geplaas om om 'n tafel te gaan sit saam met plaaslike en nasionale beleidmakers. Ek het die voorreg gehad om op die Gesondheidsraad te dien. Hoe klein my bydrae ook al was, dit ís 'n bydrae. Ek het wonderlike mense langs die pad ontmoet, en sterk bande gelê. Ek hoop dat dit 'n inspirasie mag wees vir my mede-christene, wat - uit liefde vir ons vaderland - ook betrokke sal raak by die politieke prosesse.*

Vir ons in Suid-Afrika 'n inspirerende woord om oor na te dink. Om in die huidige politieke arena te onttrek, is geen daad van positiewe christenskap nie. Laat elkeen wat die gawe van God ontvang het, sy en haar gawes ook op politieke vlak aanwend - al is dit in een van die munispale komitees. Langs dié weg bíd ons nie alleen vir die koms van God se koninkryk nie. Dan wérk ons ook met die daad daaraan mee.


**FOLMER BOEKHANDEL**

Posbus 11607, Queenswood 0121

Tel +27 12 3290031, Faks +27 12 3295927 • E-mail: rvdk@smartnet.co.za

---

**SOLA SCRIPTURA** (IN AFRIKAANS)

**Dr C van der Waal**

**Deel 2 het nou verskyn!** (Rigters - Hooglied)

*Sola Scriptura* is 'n gids vir Bybelstudie wat veral die groot *heilshistoriese lyne* en die *eenheid van die Bybel* beklemtoon. Dit is nie 'n teks-vir-teksverklaring nie, maar 'n hulp om die Woord van die HERE beter te kan verstaan.

*Sola Scriptura* is uitstekend geskik vir persoonlike studie, maar kan ook goed op Bybelstudieverenigings gebruik word, veral omdat aan die einde van elke hoofstuk vrae opgeneem is, wat groepsbespreking vergemaklik.

*Sola Scriptura, deel 1 (Genesis-Josua) @ R39.00, deel 2 (Rigters-Hooglied) @ R39.00 + versendkoste (indien van toepassing) @ R2.00 per boek*

---

Die drie Formuliere van Eenheid word as baie bekend veronderstel. Maar is hulle regtig so bekend? Ons weet almal dat kennis van die

**Heidelbergse Kategismus**, die **Nederlandse Geloofsbelydenis** en die **Dordtse Leerreëls**

ons geloof versterk en dat dit baie belangrik is om te weet wat in die formuliere staan. Maar wéét ons ook wat daarin staan?

**Dr Johann le Roux** het vier boeke saamgestel. Drie van hulle is unieke, maklik-verstaanbare grafiese uiteensettinge van die HK, die NGB en die DL. Dit is 'n aanbevole metode om die formuliere beter te leer ken en vinniger te leer. Uitstekende boeke, nie net vir die jeug nie, ook vir die ouers wat hul kennis van die formuliere wil vergroot.
Die vierde boek is **'ONS GLO'**: Bybelstudie aan die hand van temas uit die Nederlandse Geloofsbelydenis.

*By aankoop van al vier boeke is die prys nie R85.00 + posgeld R8.00, maar R65.00 + posgeld R5.00*